higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

TOEGEPASTE REKENINGKUNDE

(Tweede vraestel)

NKR VLAK 4

(3011004)

24 November 2022 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 20 bladsye, 1 addendum en 'n antwoordboek van 3 bladsye.

572Q2N2224

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Beantwoord AFDELING A in die ANTWOORDBOEK wat verskaf is.
5. Gebruik toepaslike rekeningkundeprogrammatuur vir AFDELING B en AFDELING C.
6. Gebruik 'n afsonderlike stel boeke vir AFDELING B en AFDELING C.
7. Gebruik die tabel hier onder as gids vir die hoeveelheid tyd wat jy aan die beantwoording van elke vraag moet bestee.
8. Gebruik slegs 'n swart of 'n blou pen.
9. Skryf netjies en leesbaar.

VRAE	ONDERWERPE	PUNTE	AANBEVOLE TYD
AFDELING A			
1	Kort, teorievrae	20	20 minute
AFDELING B			
2	Prakties met rekeningkunde-programmatuur	120	1 uur 40 minute
AFDELING C			
3	Prakties met rekeningkunde-programmatuur	60	1 uur
	TOTAAL:	**200**	**3 uur**

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Kies die korrekte term uit dié tussen hakies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Verskafferskontrole word as (betaalbare/ontvangbare) rekeninge geklassifiseer.

1.1.2 Wanneer 'n klant goedere terugstuur, sal hy/sy 'n (debiet/krediet) -nota ontvang.

1.1.3 Debiete op 'n bankstaat word met inskrywings in die kontant- (ontvangste/betalings) -joernaal gerekonsilieer.

1.1.4 Bankrekonsiliasie is 'n vergelyking van 'n onderneming se boekhouding- (inskrywings/stelsel) met die bankstaat.

1.1.5 Die brondokument vir die verwerking van aansuiwerings aan die einde van die maand is 'n (bewys/koepon) -joernaal.

1.1.6 Die (kwitansie/depositostrokie) -nommer word as verwysing in die kontantontvangstejoernaal gebruik.

1.1.7 Die voorraadjoernaal word gebruik om (aanneemsaldo ('take-on balance')/kosprys) van voorraad voor hande aan te teken.

1.1.8 (Korting/Termyn) -kodes dui op vroeë-betalingsooreenkomste.

1.1.9 Dit is belangrik dat 'n onderneming (staat/betalingsadvies) aan kliënte uitreik om behoorlike kontantvloei te verseker.

1.1.10 Die BTW 201- (staat/vorm) word gebruik om die BTW betaalbaar of ontvangbaar te bereken.

(10 × 1) (10)

1.2 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Wanneer 'n kliënt voorraad terugstuur, moet die ... -nommer op die kredietnota verskyn.

A belastingfaktuur
B verskaffer se faktuur
C kwotasie
D interne memorandum

1.2.2 Watter EEN van die volgende is onderhewig aan BTW op kapitaalgoedere?

A Verversings
B Kapitaalbydraes
C Skryfbehoeftes
D Skootrekenaar

1.2.3 Wanneer die verskaffer se faktuur verwerk word en daar is 'n prysverskil tussen die prys op die faktuur en dié in die rekeningkundeprogrammatuur, word die bedrag op die ... gebruik.

A aanvanklike belastingfaktuur
B rekeningkundeprogrammatuur
C duplikaat belastingfaktuur
D aanvanklike faktuur van die verskaffer

1.2.4 'n Bedrag van R7 200,00 is aan die munisipaliteit betaal wat R800,00 vir eiendomsbelasting en diensgeld insluit.

Hoeveel sal na die water-en-elektrisiteitrekening gepos word?

A R7 200,00
B R8 000,00
C R6 400,00
D R800,00

1.2.5 Hoeveel sal die insetbelasting op die transaksie by VRAAG 1.2.4 wees?

A R1 080,00
B R834,78
C R960,00
D R939,13

(5 × 1) (5)

Kopiereg voorbehou

1.3 Storm Suppliers het R10 920,60 BTW op goedere en dienste vir Maart en April 2022 betaal. A totaal van R32 015,78 BTW is op goedere en dienste wat aan kliënte verskaf is, ingevorder.

Identifiseer en bereken elk van die volgende deur alle berekeninge, waar toepaslilk, te toon:

1.3.1 Uitvoer-BTW (1)

1.3.2 Invoer-BTW (1)

1.3.3 Die BTW-bedrag wat aan die Ontvanger van Inkomste betaalbaar of terugbetaalbaar is deur aan te dui of die bedrag betaalbaar of terugbetaalbaar is. (3)

[20]

TOTAAL AFDELING A: 20

AFDELING B

VRAAG 2

INSTRUKSIES

1. Maak die rekeningstelsel van Langa Traders (LANGA), wat alreeds op die rekenaar gelaai is, oop. Die wagwoord is 123.

2. Kies *Setup*.

3. Kies *Company Parameters*.

4. Kies *Company Detail*. Kies die *Company Name*-seksie en klik op *Educational Number*.

5. Druk CTRL + SHIFT + T en sleutel jou EKSAMENNOMMER in die blok in wat verskyn. Klik *OK*.

Pulane Langa het 'n onderneming begin wat tuin- en swembadprodukte verkoop. Langa Traders gebruik die gerekenariseerde rekeningkundige stelsel, Pastel.

Die onderneming is vir BTW-doeleindes geregistreer en maak tweemaandelikse betalings aan die Suid-Afrikaanse Inkomstediens op die faktuurbasis.

Jy is aangestel as die boekhouer en is versoek dat die transaksies vir Maart 2022 (periode 1), verwerk word.

Die volgende opstelling is reeds in die boeke van Langa Traders (LANGA) geskep.

(a) Periode

Die onderneming se finansiële jaar loop van 1 Maart 2022 tot 28 Februarie 2023. Die huidige periode is Maart 2022, wat die eerste periode is.

(b) Belasting op toegevoegde waarde

Die onderneming is as 'n BTW-ondernemer geregistreer en BTW sal volgens die faktuurbasis aangeteken word. Verwys na die ADDENDUM (aangeheg) vir die toelaatbare aftrekkings ten opsigte van insetbelasting.

Kopiereg voorbehou

(c) Tipes inskrywings

AANTAL	TIPE INSKRYWING
1	Kontantbetalingsjoernaal – (CB1)
2	Kontantontvangstejoernaal – (CB1)
3	Kleinkasbetalingsjoernaal (CB 2)
4	Kleinkasontvangstejoernaal (CB 2)
5	Algemene Joernaal
6	Klantejoernaal
7	Verskafferjoernaal
8	Klantkortingsjoernaal ('Customers Allowances Journal')
9	Verskaffertoelatingsjoernaal ('Suppliers Allowances Journal')
10	Slegteskuldjoernaal
11	Joernaal vir rente gehef ('Interest Charged Journal')
12	Vooraadjoernaal

(d) Klante

KLANTKODE	KLANT
G001	K. Gcaza
M001	V Mene
Z99	Kontantverkope

(e) Verskaffers

VERSKAFFERKODE	VERSKAFFER
S001	Furn Meubileerders
S002	Melaat Verskaffers
S003	NUT Edms. (Bpk.)

Kopiereg voorbehou

(f) Inventaris

- Die deurlopende voorraadstelsel word gebruik
- Die prys van voorraad word teen 65% op die kosprys verhoog
- Belasting uitgesluit is op alle voorraadaankope en verkope van toepassing
- Die volgende voorraadkodes en prys (BTW uitgesluit) is van toepassing:

Voorraad kode	Beskrywing	Eenheid	Kos-prys	Verkoop-prys
DC	Afleweringskoste			250
DNS	Eetkamerstel	Elk	1 440	2 376
GZB	Gazebo	Elk	1 600	2 640
LFR	Blaarhark	Elk	80	132
LES	Sitkamerstel	Elk	5 600	9 240
SIG	Swaai	Elk	2 400	3 960
UAB	Sambreel en basis	Elk	1 760	2 904
WDP	Houtplanter	Elk	336	554

(g) Termynkodes

- 7,5% korting binne 15 dae vanaf die laaste dag van die periode
- 5% korting binne 60 dae vanaf die laaste dag van die periode
- 10% korting binne 60 dae vanaf die laaste dag van die periode
- 5% korting binne 30 dae vanaf die laaste dag van die periode
- 2,5% korting binne 60 dae vanaf die laaste dag van die periode

(h) Aanneemsaldo's ('take-on balances')

Klante se aanneemsaldo's is nie aangeteken nie. Alle ander aanneemsaldo's is verwerk.

Kopiereg voorbehou

Gevra:

- Gebruik die brondokumente en die volgende inligting om die transaksies in die toepaslike joernale of dokumente vir Maart 2022 (periode 1) in die boeke van Langa Traders in te skryf.
- Gebruik die rekeningstruktuur vir die algemene grootboek wat opgestel is. Indien daar nie 'n rekening bestaan om 'n bedrag in te skryf nie, moet so 'n rekening geskep word.
- Druk alle dokumente na verwerking. Wanneer joernale gedruk word, kies *Print With Contras*.
- Werk alle dokumente en joernale by nadat dit gedruk is.
- Verwys na bladsy 17 vir 'n volledige lys DRUKSTUKKE wat vir nasien ingedien moet word. Dien die DRUKSTUKKE in dieselfde volgorde in as op bladsy 17. Vyf punte sal afgetrek word indien DRUKSTUKKE nie in dieselfde volgorde as in die lys wat in die vraestel verskaf is, ingedien word nie.

2.1 **Aanneemsaldo's ('take-on balances')**

Teken die klantsaldo's in die betrokke joernaal aan deur die klant-ouderdomsontleding hier onder te gebruik. Druk die joernaal.

KLANT-OUDERDOMSONTLEDING OP 28 FEBRUARUE 2022				
KLANT	**60 dae**	**30 dae**	**HUIDIG**	**TOTAAL:**
K. Gcaza	R3 725,00		R5 700,00	R9 425,00
V Mene		R665,00	R1 600,00	R2 265,00
	R3 725,00	**R665,00**	**R7 300,00**	**R11 690,00**

2.2 **Kredietaankope van voorraad**

Voeg die volgende boodskap op alle verskafferfakture in:

Stel ons asseblief van enige prysveranderings in kennis.

Melaat Suppliers

Nelsonrylaan 52
Upington
8801

Nr. 345
Tel: 053 962 4545
Faks: 086 864 2468

07/03/2022

BELASTINGFAKTUUR

BTW Regnr.: 258943167

AAN: Langa Traders
Hoofweg 129
Kimberley
8301

BEPALINGS: 7,5% korting binne 60 dae
10% algehele korting

Hoeveelheid	Beskrywing	Eenheidprys		Bedrag	
2	Swaai	2 500	00	5 000	00
4	Sitkamerstel	5 800	00	23 200	00
6	Sambreel en basis	1 760	00	10 560	00
			Subtotaal	38 760	00
			10% korting	3 876	00
				34 884	00
			15% BTW	5 232	60
			TOTAAL:	**R40 116**	**60**



BELASTINGFAKTUUR
NR: 678
Sothoweg 37
Upington
8801

Tel: 053 962 2587 BTW Regnr.: 71468293
Faks: 086 134 9876

AAN: Langa Traders
Hoofweg 129
Upington
8801

14/03/2022

ITEM	Eenheidprys		Bedrag	
3 x Blaarhark	R88	00	R264	00
6 x Houtplanter	R393	00	R2 358	00
9 × Gazebo	R1 699	00	R15 291	00
		Subtotaal	R17 913	00
		20% korting	R3 582	60
BEPALINGS: 10% korting binne 60 dae			R14 330	40
		15% BTW	R2 149	56
		TOTAAL:	**R16 479**	**96**

Skep die nuwe verskaffer met 'n kredietlimiet van R20 000,00 deur die rekeningstruktuur te gebruik wat reeds opgestel is.

Kopiereg voorbehou

BELASTINGFAKTUUR
Robynsingel 51, Hanover, 7780

✆ 053 258 4697
BTW Regnr.: 258796431

21/03/2022 **NR: 901**

AAN: Langa Traders
Hoofweg 129
Upington
8801

BEPALINGS: 5% korting binne 60 dae
15% handelskorting

Hoeveelheid	*Beskrywing*	*Eenheidprys*		*Bedrag*	
2	Eetkamerstel	1 650	00	3 300	00
3	Swembad-skoonmaker	3 334	40	10 003	20
			Subtotaal	13 303	20
			15% korting	1 995	48
				11 307	72
			15% BTW	1 696	16
			TOTAAL:	**R13 003**	**88**

Skep 'n nuwe voorraaditem vir die swembadskoonmaker deur kode PLC te gebruik.

2.3 **Kredietterugsending van voorraad**

DATUM	VERSKAFFER	REDE
10/03/2022	Melaat Verskaffers	1 sitkamerstel – verkeerde kleur 2 sambrele en basisse – verkeerde bestelling
30/03/2022	NUT Edms. (Bpk.)	1 eetkamerstel – stoel gebreek

Kopiereg voorbehou

2.4 Kontant- en kredietverkope

- Z99 is die kontantverkoperekening wat gebruik word om kontantverkopetransaksies aan te teken.
- Voeg die name en adresse van alle kontantklante in die *Delivery Address-veld in.*
- Boodskap aan kontantklante: *Dankie vir u ondersteuning*
- Alle kontantklante ontvang 10% korting vir kontant.

NAAM	DATUM	BEPALINGS EN KORTING VIR VROEË BETALING	BESONDERHEDE
V Mene	12/03/2022	5% binne 30 dae 5% handelskorting	3 × blaarharke 2 × sambrele en basisse Afleweringskoste
K. Gcaza	18/03/2022	7,5% binne 15 dae	4 × swaaie 2 × sitkamerstelle Afleweringskoste
Kontantverkope ***Lewer af aan:*** Z. Jack Hoofweg 129 Upington	24/03/2022		3 × sambrele en basisse 5 × blaarharke
Nuwe klant: C. Manus Xilorylaan 42 Upington 4964 Tel: 053 692 3456 Kredietlimiet: R18 000	30/03/2022	2,5% binne 60 dae 7,5% faktuurkorting	1 × eetkamerstel 3 × houtplanters 2 × gazebo's 1 × swembadskoonmaker

Skep die nuwe klant deur kode M002 te gebruik.

2.5 Kredietterugsending van voorraad

KLANT	DATUM	REDE
V Mene	20/03/2022	1 sambreel en basis (basis ontbreek)

Kopiereg voorbehou

2.6 **Kleinkas**

Nommer: *PCV13*	Langa Traders
Datum: *08/03/22*	Hoofweg 129
	Upington
	8801
Kleinkasbewys	
Vir:	*Penne, potlode – PNA*
Bedrag:	*R89,10*
Goedgekeur deur:	*A. Groen*

Nommer: *PCV14*	Langa Traders
Datum: *16/03/22*	Hoofweg 129
	Upington
	8801
Kleinkasbewys	
Vir:	*Tee, koffie + suiker – Larine Stores*
Bedrag:	*R256,78*
Goedgekeur deur:	*A. Groen*

- Skep 'n rekening vir verversings

Nommer: *PCV15*	Langa Traders
Datum: *24/03/22*	Hoofweg 129
	Upington
	8801
Kleinkasbewys	
Vir:	Toevallige lone vir skoonmaak van kantoor
Bedrag:	*R350,00*
Goedgekeur deur:	*A. Groen*

Kopiereg voorbehou

2.7 **Kontantontvangsterolle**

KASREGISTERROL



26/03/2022
CRR03

Kontantontvangste

Langa Traders
Hoofweg 129
Upington
8801

Nommer: *31*
Datum: *03/03/22*

Kontantontvangste		
Ontvang van:	*Pulane Langa*	
Vir:	*Kapitaalbydrae*	
Bedrag:	*Vyf-en-twintigduisend rand alleen*	*R25 000,00*

Betalingsmetode:	*Met dank:*
☐ *EFO* ☑ *Debiet-/Kredietkaart* ☐ *Bankdeposito*	*A. Groen*

Langa Traders
Hoofweg 129
UPINGTON
8801

Nommer: *32*
Datum: *10/03/23*

Kontantontvangste		
Ontvang van:	*K. Gcaza*	
Vir:	*Vereffen rekening op 01/03/22*	
Bedrag:	*Nege duisend twee honderd rand alleen*	*R9 200,00*

Betalingsmetode:	*Met dank:*
☐ *EFO* ☐ *Debiet-/Kredietkaart* ☑ *Bankdeposito*	*A. Groen*

Kopiereg voorbehou

Nommer: *33* *Datum:* *17/03/22*		Langa Traders Hoofweg 129 UPINGTON 8801
Kontantontvangste		
Ontvang van:	*M. Khokhoto*	
Vir:	*Kommissie ontvang*	
Bedrag:	*Vyf-duisend-vyf-honderd rand alleen*	*R5 500,00*
Betalingsmetode:		*Met dank:*
☐EFO ☑ Debiet-/Kredietkaart ☐ Bankdeposito		*A. Groen*

- Verander die beskrywing van rekening nommer 2900/000 na Kommissie Ontvang

Nommer: *34* *Datum:* *24/03/22*		Langa Traders Hoofweg 129 UPINGTON 8801
Kontantontvangste		
Ontvang van:	*V Mene*	
Vir:	*Vereffen faktuur op 12 Maart 2022*	
Bedrag:	*???*	*R?*
Betalingsmetode:		*Met dank:*
☑ EFO ☐ Debiet-/Kredietkaart ☐ Bankdeposito		*A. Groen*

Nommer: *35* *Datum:* *31/03/22*		Langa Traders Hoofweg 129 UPINGTON 8801
Kontantontvangste		
Ontvang van:	*T. Mfeyile*	
Vir:	*Huur vir April 2022*	
Bedrag:	*Twaalf-duisend twee-honderd-en-vyftig rand alleen*	*R12 250,00*
Betalingsmetode:		*Met dank:*
☑ EFO ☐ Debiet-/Kredietkaart ☐ Bankdeposito		*A. Groen*

- Skep 'n rekening vir *Rente Ontvang*

Kontantdeposito's

Datum van deposito	Depositostrokienommer
11/03/2022	DEP23
20/03/2022	DEP24
27/03/2022	DEP25
31/03/2022	DEP26

Kopiereg voorbehou

2.8 **Kontantbetalings – elektroniese fondsoorplasing**

DATUM	VERW-NR.	AAN	VIR	BEDRAG
01/03/2022	EFT75	Situra Furnishers	Kabinette, stoele	R21 759,99
03//2022	EFT76	Qase Stationers	A4-lêers	R289,99
04/03/2022	EFT77	Shell	Brandstof	R750,00
16/03/2022	EFT78	Melaat Verskaffers	Vereffening Belastingfaktuur 345	R29 000,00
17/03/2022	EFT79	NC Promotions	Advertensie vir spesiale aanbiedinge – April	R240,00
20/03/2022	EFT80	UP Municipality	Water en elektrisiteit Eienaar R1 000,00 Onderneming R2 000,00	R3 000,00

2.9 **Verslae**

Druk 'n staat vir V. Mene vir die maand Maart 2022.

Die volgende DRUKSTUKKE moet gegenereer en vir nasien ingedien word:

2.1	Klantejoernaal	(9)
2.2	Verskaffers se fakture	(25)
2.3	Terugstuur- en debietnotas	(13)
2.4	Belastingfakture	(29)
2.5	Kredietnota	(6)
2.6	Kleinkasjoernaal	(4)
2.7	Kontantontvangstejoernaal	(17)
2.8	Kontantbetalingsjoernaal	(12)
2.9	V. Mene – staat	(5)
		[120]

TOTAAL AFDELING B: 120

Kopiereg voorbehou

AFDELING C

VRAAG 3

INSTRUKSIES

1. Maak die rekeningstelsel van Paxton Place (PLACE), wat alreeds op die rekenaar gelaai is, oop. Die wagwoord is 123.

2. Kies *Setup*.

3. Kies *Company Parameters*.

4. Kies *Company Details*. Kies die *Company Name*-seksie en klik op *Educational Number*.

5. Druk CTRL + SHIFT + T en sleutel jou EKSAMENNOMMER in die blok in wat verskyn. Klik *OK*.

Gevra:

- Paxton Place het bankrekonsiliasie met die hand gedoen. Weens jou ervaring met gerekenariseerde rekeningkundestelsels, is daar besluit dat die bankrekonsiliasie gedoen gaan word deur rekeningkundeprogrammatuur te gebruik. Gebruik die inligting hier onder om die volgende vir Februarie 2022 (periode 12) te voltooi.
- Gebruik die rekeningstruktuur vir die algemene grootboek wat opgestel is. Indien daar nie 'n rekening bestaan om 'n bedrag in te skryf nie, moet so 'n rekening geskep word.
- Druk alle dokumente na verwerking. Wanneer joernale gedruk word, kies *Print With Contras*.
- Werk die joernale by.
- Verwys na bladsy 20 vir 'n volledige lys DRUKSTUKKE wat vir nasien ingedien met word. Dien die DRUKSTUKKE in dieselfde volgorde in as op bladsy 20. Vyf punte sal afgetrek word indien DRUKSTUKKE nie in dieselfde volgorde as in die lys wat in die vraestel verskaf is, ingedien word nie.

Bankstaat

CAP BANK

Paxton Place
Hoofweg 129
Upington
8801

Reknr.: 39701561983

Banskstaatnr. 12

Bladsy 1

Datum: 28/02/2022

DATUM	BESONDERHEDE	DEBIET (-) KREDIET	SALDO
01/02/2022	Saldo o/b		-5 000,00
03/02/2022	Tussenrek.-oorplasing (OORPLASING)	10 000,00-	-15 000,00
06/02/2022	Debietorder X906	6 000,00-	-21 000,00
07/02/2022	BP033	500,00-	-21 500,00
08/02/2022	Deposito D12/1	54 360,50	32 860,50
09/02/2022	DD1	298,99-	32 561,51
12/02/2022	Diensgeld	124,89-	32 436,62
16/02/2022	BP034	17 603,08-	14 833,54
17/02/2022	BP031	21 759,99-	-6 926,45
20/02/2022	BP036	3 000,00-	-9 926,45
22/02/2022	INT	2 541,00	-7 385,45
25/02/2022	Deposito D12/2	3 821,85	-3 563,60
25/02/2022	BP 035	240,00-	-3 803,60
26/02/2022	Transaksiefooi	1,20-	-3 804,80
28/02/2022	EFO12	25 000,00	21 195,20

- Die tussenrekeningoorplasing op 03/02/2022 is vir 'n nuwe vaste deposito vir drie jaar by CAP Bank. Dit verdien 12% rente per jaar. Skep 'n nuwe rekening (7150/000).
- Debietorder X906 is vir die winkelhuur vir Februarie aan NCU Properties. R1 500,00 vir die eienaar se persoonlike rekening is by hierdie bedrag ingesluit.
- INT is vir rente op die lopende rekening ontvang. Hernoem rekening, 2900/000 na *rente op lopende rekening* en skryf die rente in.
- DD1 was vir die telefoonrekening.
- EFT12 was vir 'n bykomende kapitaalbydrae deur die eienaar.

3.1 Gebruik die inligting om:

3.1.1 Die Kontantontvangstejoernaal (ná bankrekonsiliasie) met die bykomende inskrywings te voltooi en te druk. (9)

3.1.2 Die Kontantbetalingsjoernaal (ná bankrekonsiliasie) met die bykomende inskrywings te voltooi en te druk. (18)

3.1.3 Volg die rekonsiliasieproses en druk die Bankrekonsiliasiestaat. (7)

3.2 Die volgende kantoormemo's is aan die einde van Februarie 2022 uitgereik. Skryf die transaksies in die toepaslike joernaal/(e) in.

PAXTON PLACE **KANTOORMEMO: 21/1**	
AAN: Boekhouer	**DATUM: 28 Februarie 2022**
Ontvang 'n kennisgewing dat B. Bongo, 'n klant, insolvent verklaar is en dat die bedrag van R5 432,00 as oninvorderbaar afgeskryf moet word.	

PAXTON PLACE **KANTOORMEMO: 12/2**	
AAN: Boekhouer	**DATUM: 28 Februarie 2022**
'n Bedrag van R456,00 vir versekering is by die bedrag vir water en elektrisiteit ingesluit. Stel die fout reg.	

PAXTON PLACE **KANTOORMEMO: 12/3**	
AAN: Boekhouer	**DATUM: 28 Februarie 2022**
Bereken en skryf die waardevermindering op voertuie teen 15% per jaar op kosprys (R350 000,00) vir die maand Februarie 2022 in. (Toon die berekening in die beskrywingskolom.)	

(20)

3.3 **Bykomende DRUKSTUK vereis**

Druk die proefbalans vir Februarie 2022. Moenie sero-items druk nie. Druk die inkomstestaatrekeninge eerste. (6)

DRUKSTUKKE wat vir nasien ingelewer moet word (in die volgende volgorde):

- Kontantontvangstejoernaal (ná bankrekonsiliasie)
- Kontantbetalingsjoernaal (ná bankrekonsiliasie)
- Bankrekonsiliasiestaat
- Joernaal/(e) om aansuiwerings aan te teken
- Proefbalans

[60]

TOTAAL AFDELING C: 60
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou

EKSAMENNOMMER:

TOELAATBARE AFTREKKINGS TEN OPSIGTE VAN INSETBELASTING

	Word BTW gehef?		Is inset-BTW aftrekbaar?	
	JA	**NEE**	**JA**	**NEE**
Reklame	X		X	
Bankkoste:				
Diensgeld	X		X	
Transaksiefooi	X		X	
Slegte skuld/verhaal	X		X	
Kommissie ontvang	X		X	
Waardevermindering		X		
Donasies		X		
Trekkings		X		
Water en elektrisiteit	X		X	
Toerusting	X		X	
Versekering	X		X	
Rente betaal/ontvang		X		
Rente op agterstallige rekening		X		
Beleggings		X		
Brandstof en olie		X		
Drukwerk en skryfbehoeftes	X		X	
Eiendomsbelasting en diensgeld		X		
Verversings	X			X
Rente betaal/ontvang	X		X	
Salarisse en lone		X		
Telefoon en faks	X		X	
Voertuie	X		X	

Kopiereg voorbehou